**Skriflesing:** 1 Timotheus 1: 3-11
Teks: **1 Timotheus 3:3**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 89:1, 3**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 45:1,2,3; Sb. (9-1):26: 1, 9,10; Ps. 19:6;  Ps. 25:2,4**
**1 Timotheus 1: 3-11**
1Ti 1:3 Soos by my vertrek na Masedonië toe, dring ek nou weer by jou daarop aan om in Efese te bly. Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied.
1Ti 1:4 Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagsregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee.
1Ti 1:5 Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie geWete en 'n opregte geloof kom.
1Ti 1:6 Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het.
1Ti 1:7 Hulle wil leermeesters in die Wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie.
1Ti 1:8 Ons weet dat die Wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik.
1Ti 1:9 'n Mens moet onthou dat die Wet nie vir die Wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan Wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars,
1Ti 1:10 ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.
1Ti 1:11 Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God.

**2020-Vertaling**
3 Soos ek by jou aangedring het toe ek na Macedonië vertrek het, moet jy in Efese bly, sodat jy sekere mense opdrag kan gee om nie vreemde leringe te versprei...
**Skriflesing:** 1 Timotheus 1: 3-11
Teks: **1 Timotheus 3:3**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 89:1, 3**
**TYDENS EREDIENS – Ps. 45:1,2,3; Sb. (9-1):26: 1, 9,10; Ps. 19:6;  Ps. 25:2,4**
Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het verlede Sondag al daarop gewys die twee pilare waarop die ware Kerk van God staan, is twee dinge, LIEFDE EN WAARHEID. Ons het in die begin van die reeks 1 Tim 3 vers 14 wou aanhaal wat as uitgangspunt in ons hele lewe van kerk-wees en kind van God wees voorop moet staan. ... *(jy moet) weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God: dit is die kerk van die lewende God,4 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.* Die kerk is God se huisgesin. Daarin is God se liefde die vertrekpunt. ’n Huishouding, ’n huisgesin kan net deur die band van liefde aanmekaar gehou word. As daar nie liefde is nie, kan ’n huisgesin nie waarlik huisgesin wees nie. As daar nie liefde in ons as kerk is nie; ons het nie in die kerk mekaar werklik lief as huisgenote van God se Kerk nie, dan is hierdie nie ’n ware kerk nie. Die liefde is in die gemeente ononderhandelbaar.

***

Liefde soos Paulus in ’n probleem gemeente waarin hy vroeër ook baie swaar gekry het, tog so duidelik die liefde kon beskryf... Die liefde is iets so groot, so wonderlik, so onbeskryfbaar mooi, deurslaggewend, weereens ononderhandelbaar... U ken die aangrypende 1 Korintiërs 13 - 7 *(Die liefde) ...Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles....* Dit staan in vers 7

nadat die begin van 1 Korintiërs 13 die mooiste van mooi rondom die liefde na vore kon bring... Die 2020 Vertaling bewoord dit nuut en vars ... *1 Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het nie liefde nie, dan het ek 'n weergalmende ghong of 'n kletterende simbaal geword. 2 En al profeteer ek, en begryp ek alle geheime, en besit ek alle kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het nie liefde nie, is ek niks!*

Al was Korinte hoe 'n moeilike stad en moeilike gemeente gewees, neem Paulus sy vertrekpunt in wat die Here vooropstel. Liefde, ware liefde wat in sy kerk, sy huisgesin nooit mag ontbreek nie. Sonder liefde is ek niks, sonder liefde is die kerk niks .... dan net 'n weergalmende simbaal, 'n weergalmende ghong.

***

Ons het gewys, Korinte was 'n moeilike gemeente. Efese waar Timotheus gewoon en gewerk het, was ook in die moeilikheid. Dis die groot rede waarom Paulus nie soseer vir 'n gemeente skryf nie, maar vir 'n individu, die dominee in Efese, wys iets van die moeilikhede in Efese. Paulus praat eerder met 'n individu as wat die gemeente self direk aangespreek word al word hulle ook indirek deur Timotheus opgeroep. Paulus noem Timotheus *my kind in die geloof ...* Hierdie jong man wat nie vir probleme mag terugdeins nie. Timotheus moet die gemeente wat reeds in die moeilikheid is met hulle moeilikhede kan hanteer en bedien. Paulus is alreeds 'n ouman as hy die Timotheus briewe skryf. Paulus het al baie gelowiges, kerke en rigtings in sy lewe moes hanteer, tog is dit nie 'n geval van hoe langer hy gewerk het, hoe minder het die moeilikhede geword nie.

***

Inteendeel hoe dikwels gebeur dit, hoe harder daar gewerk het, hoe dieper en ernstiger daar op probleme in 'n kerk ingegaan word, hoe moeiliker kan dinge in 'n gemeente ook word. Baie van die moeilikhede waarmee ons vandag in die kerk te make het, is geen nuwe probleme nie. Dit wat ons in die Timotheus briewe hanteer is moeilikhede wat vandag nog in die kerk baie groot moeilikhede kan veroorsaak. Oor dwaalleer, oor homoseksualiteit, oor die verstaan van die plek van die vrou in die Here se kerk, is alles dinge wat God in hierdie laaste brief van Paulus direk aanspreek.

***

In liefde moet daar met mekaar gewerk en in liefde hanteer ons ook die moeilikhede, maar dan kom die ander belangrike saak net so sterk na vore. Die ware kerk moet met die waarheid handel. Vorige keer het ons al dit duidelik gestel, ook vanuit die vertrekpunt in 1 Tim 3- die kerk moet 'n *pilaar* en grondslag, 'n *pilaar en fondament*, *'n draer en 'n*

*beskermer* van die waarheid wees. Dit is hoe ons Afrikaanse vertalings dit uitlig. Daarom dat ons vandag Paulus baie vroeg in sy brief vir Timotheus dit hoor sê. Daar mag nie vreemde leer, dwaalleer, versprei word nie. Eerstens sien ons dat dwaalleer mag nie geduld word nie. Tweedens sien ons hoe maklik word die Wet en die evangelie verdraai. In die laaste plek- ons onverdraagsaamheid teenoor dwaalleer bevestig ons liefde vir God en sy kerk. Eerste dan –

***Moet nie aan die dwalinge vatplek gee nie; ons moet dwaalleer nie duld nie...***

Die kerk as God se huisgesin moet 'n draer en beskermer van die waarheid wees. Daaraan kan ons mekaar nie genoeg herinner nie. God wat die waarheid is, spreek ook net waarheid. Sy Woord is sy ewige waarheid. Daarom is dit so duidelik dat voordat Paulus nog enige ander saak in die gemeente van die Here aanraak is die eerste wat hy oor handel is dat mense wat valse leer versprei gestop moet word. Dit word 'n opdrag aan Timotheus soos ons teksverse dit ook direk aanspreek vreemde leringe mag nie versprei word nie.

Paulus begin nie aan Timotheus te skrywe oor hoe kan ons almal 'n gelukkige kerk wees, hoe kan ons almal tevrede stel nie. As almal net gemaklik is en almal is gelukkig dan is dit mos goed. Nee, dit gaan nie daaroor dat die gemeente soos 'n goed geoliede masjien moet loop nie, of dat ons net moet groei en groei. Ons getalle word dalk groter, maar wat beteken dit nou eintlik as die waarheid, wat God ons in sy liefde geleer het, nie eerste staan en die eerste plek in 'n gemeente inneem nie.

Valse leringe, valse leraars, moet nie vatplek kry nie. Nou besef ons daar is allerlei growwe dwalinge, mense wat blatant God in sy eer aantas. Of hulle ontken die bestaan van God, of die leer oor die Drie-Eenheid word beveg. Of mense kom met 'n oortuiging die Bybel is maar net ander mense se gedagtes en menings oor God. Die Bybel is dan maar skrywes van mense uit die ou tyd wat iets wil meedeel van hulle kennis en belewing van God. Om die Bybel God se ewige, onverganklike Woord te noem, dit aanvaar hulle nie. Artikels 2 tot 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is dele wat nie uit hulle hart en mond as waarheid en as deel van ons ware belydenis uitgespreek sal kan word nie.

Ons wat van harte met ons belydenis een is, ons moet bedag wees op hoe maklik kom dwalinge na vore. Dwalinge van allerhande kante en soorte. Rondom die verstaan van die doop het al so baie dwalinge kop uitgesteek. Hieruit ook die ontstaan van allerlei splintergroepe wat hulleself kerk wil noem. My verstaan van die doop bepaal my verstaan

van die verbond en waar ons oor die verbond na behore begin handel kom ons by ons belydenis rondom die verstaan van die uitverkiesing wat die Dordtse Leerreëls in die eerste hoofstukke grondig mee besig is. Weet ons regtig wat in die Dordtse Leerreëls staan en bely word. Gaan lees dit weer aandagtig agter in u Psalmboek.

***

Daar is so baie soorte en maniere waarop mense kan dwaal. Soos ons ook in die tyd ná Covid regtig al meer ’n tyd moes ingaan dat mense wat hulleself gelowiges noem, lewe asof eredienste en die fisiese bywoning van ’n erediens in gees en liggaam eintlik nie belangrik is nie. Die kerk is vir so baie mense nie meer die instelling van God waaroor Christus regeer en wat Hy my deel gemaak het, toe God my by Christus ingelyf het nie. Oor die Kerk regeer Christus Self deur sy Woord en Gees. As mense die kerk nie as belangrik beskou nie dan wys dit op die geweldige brandpunt van ons tydsgees dat Christus is nie meer vir sulke mense die begin en einde van hulle lewe is nie. Van eredienste word net weggebly en dit is asof dit nou maar net aanvaar moet word. Waarheen is ons op pad, in Latyn vra hulle die vraag *Qui Vadis*, waarheen nou ...?!

***

Al die dinge van ons tyd en houdinge en gesindhede van ons tyd raak al meer mens gesentreerd. Dis op sigself al ’n dwaling. Dink aan die houding van ek hou nie van die dominee nie, nou moet Christus se Kerk daaronder ly. Sal ek myself met so ’n houding voor God kan verantwoord. In die kerk moet dit gaan nie om wie ons as mense is nie, maar word die Woord suiwer bedien, word die sakramente suiwer en reg gebruik, word die kerklike tug toegepas en reg toegepas. Dit is waaroor kerk-wees in wese handel. Dit is hierdie drie basiese kenmerke waaraan die ware kerk moet voldoen. Dinge waaraan ’n drie-man kommissie deur ons Kerkraad aangewys hierdie jaar dringend mee sal handel.

***

Ons besef daar is baie verskillende dwalinge, dwalinge wat op baie terreine van die lewe voorkom maar wat die gesonde leer aanbetref is dit enkelvoud. Daar is net een gesonde leer. Paulus wys Timotheus ook pertinent op dié *gesonde leer* ... Daar is nie baie gesonde lere nie, daar is net één gesonde leer. Hierdie ware en gesonde leer werk altyd net met God se Woord. Hierdeur gee God die lewe, hiermee hou God die gelowige ook gesond in die geloof.

As iemand iets anders wil leer as wat Paulus leer, iets anders as wat Timotheus nou ook geleer het, moet sulke mense hulle leer verbied word. Hierdie woord *verbied* is nie ’n sagte gesoebat, iets van hou tog nou maar net op nie. Nee, Timotheus moet hulle in die Naam van

God verbied. God bedien sy gesag deur sy ampte. Wanneer Timotheus dit verbied doen hy dit met die gesag van God. Dit is dieselfde gesag waarmee ons wat in die ampte is die gemeente moet kan lei en teen dwaalleer waarsku en beskerm.

Elkeen wat so in die amp bevestig is, is eerstens deur God geroep en bevestig. Dit gaan weereens nie oor mense nie, maar wat God doen. God wat deur sy dienaars ook duidelik maak hoe 'n groot deel van dwalinge in die kerk, het te make met die verhouding tussen die Wet en die evangelie. Ons tweede gedagte is dan ...

***<u>Hoe maklik word die verhouding tussen die Wet en die evangelie verdraai:</u>***

Paulus het die stad Efese goed geken, hier waar Timotheus hom nou bevind. Paulus self het vroeër drie jaar in die gemeente gewerk. Ook as ons lees in Handelinge hoe hard Paulus hier gewerk het, dan skryf hy as stempel op sy arbeid, pasop vir die dwaalleraars. Handelinge 20 vanaf vers 28 (2020 Vert)- *28 Pas julleself op, en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God, wat Hy deur sy eie bloed verwerf het, herderlik te versorg. 29 Ek weet dat wrede wolwe ná my vertrek julle geledere sal binnedring en die kudde nie sal spaar nie. 30 Selfs uit julle eie geledere sal daar manne na vore kom wat verdraaide dinge verkondig om die dissipels agter hulle aan weg te lok. 31 Wees daarom waaksaam, en onthou dat ek vir drie jaar lank, dag en nag, nie opgehou het om 'n ieder en 'n elk van julle met trane te waarsku nie . 32 En nou vertrou ek julle toe aan God en sy woord van genade, Hy wat die mag het om op te bou en aan julle onder almal wat geheilig is, 'n erfenis te gee.*

***

Pasop vir die dwalinge wat hier ook soos paddastoele gaan opspring soos wat ons in ons land ook allerlei dwalinge, sektes, kultusse en groeperinge soos paddastoele sien opspring. Dwalinge verlei mense in hulle duisende en moet nie dink die Afrikaner is dit gespaar nie. Hoe dit Afrikaners is wat al meer kerkvervreemdes raak is 'n baie duidelike tendens in ons tyd. Hoe Afrikaners in hulle honderde, eintlik duisende, in hulle vervreemding van kerk en land vervalle raak in kultusse en groeperinge wat die mees basiese van die geloof ondermyn. Die volk is die bevryding en nie meer Christus nie. Ja, Japie van Zyl is maar een ketter, van die grootstes in ons tyd wat die vervalle toestand van land en volk gruwelooslik uitbyt. Kerke en predikante word kruis en dwars beswadder en Afrikaners kom in groot groepe bymekaar om deur hom gedoop te word en kinders word deur hom geseën. Hyself wat so mislei is word nou die grote misleier!

Die afval en afvalligheid in die geloof word net groter en groter. Ons besef baie van die afval het te make met die verkeerde verstaan van hoe die Wet en die evangelie in verhouding tot mekaar staan. Ons moet dit duidelik maak dat ek deur onderhouding van die Wet myself nie kan red nie. God het sy Wet vir ons gegee dat ons kan besef dat ons redding so nodig het en dat ek dit uit myself nie sal kan kry nie. Daarom dat Paulus in Galasiërs 3 vers 24 noem hy die Wet ons tugmeester na Christus toe. Die 2020 Vertaling noem die Wet ons *oppasser, met die oog op Christus, sodat ons deur geloof geregverdig kan word.* Die Wet is so belangrik om te leer wat sonde is en dat ons redding so nodig het wat ons in geen geval uit onsself sal kan bewerk nie.

Die Wet leer ons inderdaad hoe nodig ons Jesus Christus in ons lewe het. Daarom is die evangelie altyd die goeie nuus, die beste nuus wat daar ooit vir God se kinders kan wees. Die beste nuus wat daar kan wees is om te mag weet dit wat ek uit myself nooit sou kon doen nie, het Christus vir ons kom doen. Christus het die Wet in ons plek ten volle nagekom. In alles het Hy aan God se reg en God se Wet voldoen waaraan ons nooit uit onsself sou kon voldoen nie. Op die wyse het Christus die Wet op die volmaakte wyse deel van ons lewens kom maak. Ons probeer onsself beslis nie deur die Wet te verlos nie, maar tog is die Wet vir ons soos 'n spieël waarmee ons ons diens aan God kan meet. Die Wet is ons dankbaarheidsreël, dit word die maatstaf van hoe lief ek vir God is maar ook hoe lief ons vir mekaar is.

***

Hier kom die punt van waarheid en liefde weer volmaak bymekaar uit en dit juis op grond van die Wet. As iemand wil beweer ons het die Wet van God nie meer nodig nie, dan is so 'n persoon ook met 'n dwaling besig, waar ons vandag alreeds baie oor die verskillende dwalinge gehandel het. As die Wet uit ons lewe gehaal sou word dan vat ons die manier van hoe God wil hê ons Hom moet dien uit ons lewens weg. Die mens wil so graag sy eie maatstaf wees van hoe die mens God wil dien terwyl die Wet vir ons daardie maatstaf moet wees.

God se evangelie, sy boodskap van bevryding mag nie moeilik wees om te verstaan nie. Die eenvoud van die evangelie en die presiese verstaan van die Wet dat ek die Wet ook beskou as deel van dit wat ek as bevryde moet nakom. Nie om daardeur gered te word nie, maar omdat jy reeds gered is. Die Wet is nie 'n SODAT nie, maar 'n OMDAT. Ek luister nie na die Wet sodat ek gered kan word nie, maar ek luister na die Wet omdat ek reeds gered is. Wanneer dit vir ons duidelik geword het, dan is die mooie van

ons laaste gedagte vandag -

***<u>Ons onverdraagsaamheid teenoor dwaalleer bevestig ons liefde vir God en sy kerk.</u>***

Ons kan dit dalk ook anders stel. Die gesonde leer wek juis liefde vir God en sy kerk. Daarom moet ons die Here deur sy Heilige Gees onophoudelik bid en vra, smeek Hom dat die gesonde leer jou geloof gesond sal hou. Om in alles van Christus afhanklik te wil wees. Ook selfs hoe ek Hom kan liefhê, kan alleen gebeur as Hy wat Christus is ook daardie liefde in my sal wek.

Liefde wat liefde wek, dit bevestig ons liefde vir God maar ook vir sy liggaam, die ware Kerk. Die wonder gebeur ook omgekeerd. Hoe sterker ek teen dwalinge opstaan hoe sterker sal my liefde vir die gesonde leer ook word. As ek egter traak-my-nieagtig raak oor die kerk is ek lankal reeds iemand wat die Wet verwaarloos. En dan het ek in alle geval toegelaat dat die goeie nuus van die Evangelie by my verbygegaan het.

Paulus beskryf die liefde wat moet posvat juis ook vanuit ons stryd teen die dwaalleer. Vv. 5-7 maak hy dit baie duidelik. *5 Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom. 6 Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het. 7 Hulle wil leermeesters in die wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie.*

Mag dit by ons anders wees. Mag ons deel wees van vers 8 ... *8 Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik.* Om dwaalleer uit te wys moet juis uit liefde vir God en sy kerk gebeur. Die uitwissing van dwaalleer stel jou in staat om die eenvoud van die evangelie, ja die één gesonde leer wat daar is, juis in sy volheid ook voluit saam te vat. Dat ek nooit moeg sal word om te mag hoor hoe nodig ek Jesus Christus het nie. Dat ek wil bely Hy het my swakke mens, verlore sondaar wat ek uit myself is, reeds verlos. Niks kan my van sy liefde skei nie. As jy dinge hoor wat in stryd is met wat ons sopas in eenvoud wou beklemtoon, gooi dit van jou weg, verwerp dit, moet nie dwaalleer wil duld nie. Ons mag nie ophou om teen die dwalinge te bly stry nie, mag ons in ons stryd al nader na die Here toe groei, maar tegelyk word ons liefde vir die Here en sy kerk dan ook al hoe groter.

AMEN